Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom bekend as Chapel Ground, tesame met die geboukompleks van die Metodistekerk en begraafplaas daarop, te Clumber, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die geboukompleks van die Metodistekerk en begraafplaas daarop, synde 'n stuk grond, wat drie morg en vierhonderd agt-en-tagtig vierkante roede beslaan, geleë in die afdeling Albany, synde 'n gedeelte van die Lokasie van Nottingham Party, Perseel 18, wat Chapel Ground uitmaak.

Albany-erfpagte Vol. 8, No. 8 (Nottingham Party 18, G.52), gedateer 23 November 1847.

*Historiese en argitektoniese belang*

Op hierdie terrein het die Nottinghamgeselskap van Britse Setlaars met hul aankoms in 1820 'n dankdiens gehou en in 1825 die eerste kerk gebou. Die tweede kerk wat dit in 1837 vervang het, het in 1846 gedurende vyandelikhede as 'n verdedigingstelling gedien. Die huidige kerk is in 1867 geopen. Die skool is in 1837 gestig en het tot 1977 as 'n provinsiale plaasskool gedien. Die begraafplaas dateer van die twintigerjare van die negentiende eeu. 10/2/752.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

Education, hereby declare the property known as Chapel Ground together with the Methodist Church building complex and cemetery thereon, at Clumber, to be a national monument.

*Description*

The property with the Methodist Church building complex and cemetery thereon, being a piece of land in extent three morgan and four hundred and eighty-eight square roods, situate in the Division of Albany, being a portion of the Location of Nottingham Party, Allotment 18, which forms the Chapel Ground.

Albany Quitrents Vol. 8, No. 8 (Nottingham Party 18, G.52), dated 23 November 1847.

*Historical and architectural interest*

On this site the Nottingham party of British Settlers held a service of thanksgiving on their arrival in 1820 and built the first church in 1825. The second church, which replaced it in 1837, served as a defence station in 1846 during the hostilities. The present church was opened in 1867. The school was founded in 1837 and served as a provincial farm school until 1977. The graveyard dates from the eighteen-twenties. 10/2/752.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

No. 362 29 Februarie 1980

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

## VERKLARING VAN DIE ST. PAULUS ANGLIKAANSE KERK, RONDEBOSCH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese St. Paulus Anglikaanse kerk, geleë in Kerkstraat, Rondebosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese St. Paulus Anglikaanse kerkgebou te Rondebosch, geleë op Erf 46143, Kaapstad.

Kaapse Vrypagte Vol. 3, Folio 1, gedateer 30 Augustus 1832.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die grond waarop hierdie kerkgebou opgerig is, is op 30 Augustus 1832 deur goewerneur sir Lowry Cole toegeken. Die oorspronklike negotiese kerk is op 16 Februarie 1834 geopen. In 1845 is 'n galery aangebring. Die kerk is daarna heelwat vergroot, en die oorspronklike kerkie is geïnkorporeer in 'n nuwe gebou, wat in Oktober 1854 voltooi is. Verdere toevoegings is in 1857, 1858 en 1909 gemaak. 10/2/754.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 362 29 February 1980

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

## DECLARATION OF ST PAUL'S ANGLICAN CHURCH, RONDEBOSCH

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare St Paul's Anglican Church in Church Street, Rondebosch, to be a national monument.

*Description*

The historic St Paul's Anglican church building at Rondebosch, situate on Erf 46143, Cape Town.

Cape Freeholds Vol. 2, Folio 1, dated 30 August 1832.

*Historical and architectural interest*

The land on which this church building was erected was granted by Governor Sir Lowry Cole on 30 August 1832. The original neo-Gothic church was opened on 16 February 1834. In 1845 a gallery was added. Thereafter the church was considerably enlarged and the original church incorporated into a new building which was completed in October 1854. Further additions were made in 1857, 1858 and 1909. 10/2/754.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

No. 363 29 Februarie 1980

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

## VERKLARING VAN DIE TWEE HISTORIESE KORBEELHUTTE OP DIE PLAAS GLENFIELD, DISTRIK GRAHAMSTAD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby

No. 363 29 February 1980

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

## DECLARATION OF THE TWO HISTORIC CORBELLED HUTS ON THE FARM GLENFIELD, DISTRICT OF GRAHAMSTOWN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of